

## 30 November Klaagliedere 3:1-46; (Teks: 3:24, 31-33)

### ***In beproewing: Hoop en wag op die Here want sy liefde is groot***

'n Krisis in jou lewe kan veroorsaak dat jy twyfel in God se liefde en regverdigheid. Dit voel soms vir ons of die Here ver van ons af is. As swaarkry en beproewing kom, is dit ook 'n toets vir jou geloof. Jeremia was 'n man wat swaarkry en ellende geken het. Hy het God se beproewing aan eie lyf ervaar. Jerusalem is beleër en verwoes en Israel is in ballingskap weggevoer. Die volk is platgeslaan. Juis uit hierdie netelige situasie waarin die volk was, was daar die sentrale gedagte van HOOP OP DIE LEWENDE GOD.

*Hoop op die lewende Here!* Die digter is nie vertroos met hol woorde en leë beloftes nie, Hy hou vas aan God se liefde en beloftes. Sy hoop is gegrond op God se trou en ontferming. Elke môre is dit vir hom nuut en vars.

So het God 'n doel met ons elkeen se lewe op aarde en ons moet aan hierdie doel gehoorsaam wees. Daarom moet ons gelowig bly lewe, al gaan dit hoe swaar. Ons moet 'n dankbaarheidslewe lei.

*Wag geduldig op die Here!* Dit is ontugterend wanneer ons fondament van ordelike beslag uitgeruk word. 'n Gevoel van óf opstandigheid óf hopeloosheid en verslaenheid is maklik die gevolg. God se genade is oneindig groot. Hy verstoot 'n mens nie vir altyd nie. Hy ontferm Hom. Sy liefde is groot. Glo vas! Vertrou! Bid! Verootmoedig jouse! Wag geduldig! Die Here bring uitkoms.

*Die Here se liefde is groot!* Hy het Jesus Christus gegee. Deur Hom het ons 'n lewende, sigbare, vaste hoop. Ons weet nou dat ons die lewe het. Hy het vir ons die las gedra. Daarom die uitnodiging in Matt 11:28,29 om ons juk op Hom te plaas. Daarom die belofte in 1 Kor. 10:13: Na beproewing kom uitkoms.

Bly hoop op die vaste beloftes van God se genade. Sy liefde is groot en sigbaar deur Jesus Christus. God gee krag om te bly hoop deur die Heilige Gees. God gee uitkoms want Hy het sy kinders innig lief.

Sing: Psalm 105:5

Ds. G.S. Kruger (Aliwal-Noord)